Voorbereiding

Was jou hande.

Sit op ‘n stoel met ‘n lae rug-leuning.

Hou die oogdruppelhouer aan die doppie vas en druk dit in die toestel af totdat dit stewig in posisie is.

Skroef die doppie af.



Maak eers seker dat die houer stewig in posisie is in die toestel voordat dit gebruik word

Hou die toestel vas met die spieël aan die onderkant (kyk na die foto).

Om die houer voor jou oog te plaas

Plaas die onderste deel van die toestel net onder die onderste ooglid en trek die ooglid liggies af totdat daar ‘n ‘sakkie’ vorm tussen die ooglid en die oog (kyk na die foto).



Plaas die boonste deel van die toestel naby die wink-brou, teen die voorkop.

Soek jou oog in die spieël van die **Ey**ot®. Dit sal makli-ker wees indien jy die ander oog toemaak.

Die toestel en die bottel is nou in die regte posisie,

Om jou kop in die regte posisie te plaas



Kyk nou op deur die gat aan die bokant van die toestel.

Buig jou kop agteroor tot jy die plafon direk bo jou deur die gat kan sien.

Jou kop is nou in die regte posisie.

Druk die toestel versigtig met jou vingers. Die oogdruppel behoort direk in jou oog te drup.

Herhaal die proses vir die ander oog indien jou dokter dit voorgeskryf het.

Skroef die doppie weer op. Jy kan die houer in die toestel los.

Lees die skoonmaak aanwysings op die keersy.

Travatan®Eyot®

Lees die aanwysings deeglik voordat jy die Travatan®**Ey**ot® toestel gebruik.

Dit is belangrik dat jy jou medisyne gereeld gebruik soos voorgeskryf deur jou dokter. Daar is meer inligting oor die gebruik van Travatan® oogdruppels in die voubiljet wat saam met elke houer Travatan® verskaf word.

skoonmaak aanwysings

Los die houer in die toestel en vee die toestel af met ‘n skoon, droë lap.

Indien nodig, verwyder die houer en spoel die toestel af in lou water. Droog dit af met ‘n skoon lap.
Moenie warm water of kookwater gebruik nie.
Moenie die toestel in ‘n skottelgoedwasser was nie.

Ander inligting

Maak eers seker dat die houer stewig in posisie is in die toestel voordat dit gebruik word

Die Travatan®**Ey**ot® toestel moet slegs saam met Travatan® oogdruppels gebruik word. Die toestel bied ‘n eenvoudige, alternatiewe metode van toe-diening.

Jy kan die Travatan® houer in die Travatan®**Ey**ot® hou.

Travatan®**Ey**ot® is gemaak van termoplastiese sintetiese materiaal wat herwin kan word. Die spieël is gemaak van metaalagtige polyester.

Vervaardiger: 1020-0034-00
Multidee Vianen
PO Box 135, 4130 EC Vianen, the Netherlands.

Verspreider:
Alcon Laboratories (SA) (Edms) Bpk.
Surreylaan 261
Randburg, 2194

CE

Travatan® is ‘n geregistreerde handelsnaam.
Eyot® is ‘n geregistreerde handelsnaam.
Patente is hangende.

Aanwysings vir gebruik van die Travatan®Eyot®

Jou oftalmoloog het jou hierdie toestel gegee om jou te help om jou Travatan® oogdruppels te gebruik.